# DIE SAMEHANG TUSSEN GODSDIENSKRITIEK EN SAMELEWINGSKRITIEK BY KARL MARX[1]

A. Pelser
Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing, RGN

ABSTRACT

In this article it is reasoned that the classical Marxist critique of religion cannot be regarded as critique of religion per se. Marx's critique of religion is embedded in his societal critique and any effort to analyse and/or interpret his critique of religion should be done from the vantage point of his societal critique. Seeing that Marx's critique of religion is an essential function of his critique on capitalist society, it cannot simply by default be dismissed as an atheist onslaught on religion. As a sub-section of his societal critique an evaluation of Marx's critique of religion should above all focus on his arguments which centre on the functional relationship between church and state. It is only in this way that one can account for Marx's critique of religion not being in the first place an atheist onslaught on religion, but can see it functioning fundamentally as a critique on the politico-theological arena; thus as a critique for the sake of man and on those aspects/links which deter him in his effort to attain full self-realisation.

---

[1] Hierdie artikel is die eerste produk van 'n lopende doktorale studie in die sosiologie.

## 1. INLEIDING

Die klassieke Marxistiese kritiek op die godsdiens is welbekend.[2] Hierdie artikel het dan ook nie ten doel om (weer eens) 'n rekonstruksie van Marx se godsdienskritiek te verskaf nie. Inteendeel, eerder as om Marx se godsdienskritiek aan die hand van 'n gedetailleerde rekonstruksie na sy feitelike inhoud te evalueer, belig hierdie artikel die **latente funksie** daarvan, naamlik godsdienskritiek as 'n uitdrukking van **samelewingskritiek**.

Enige poging om Marx se godsdienskritiek wél enkel en alleen as 'n kritiek op die godsdiens voor te hou - dit blyk veral binne teologiese kringe dikwels die geval te wees -, kan nie anders as om in **ex parte** opvattings en uitsprake te verval nie. Derhalwe is die skrywer se argument dat Marx se godsdiensbeskouing nie onafhanklik van die breër raamwerk waarin dit gegiet is tot bloot 'n Marxisties-ateïstiese aanslag op die godsdiens verskraal kan word nie. Anders gestel: hierdie artikel is in die standpuntinname gefundeer dat Marx nie soseer in die godsdiens per se geïnteresseerd is nie, **maar eerder in die funksionele, instrumentele en legitimerende rol daarvan binne die kapitalistiese samelewing**. In hierdie artikel word daar dus aangetoon op welke wyse Marx se godsdienskritiek in essensie die sosio-politieke disfunksie van die kapitalistiese samelewing aanspreek.

Aangesien Marx primêr 'n **samelewingsteorie** daarstel, en meer spesifiek 'n samelewingskritiek, is sy sporadiese verwysings na die godsdiens eerder 'n poging om dit "funksioneel" en in terme van sy "totale konteks" binne die samelewing te verklaar. Tereg merk Cimíc (1985:521) dan ook op dat indien die godsdiens bloot 'n geïndividualiseerde verhouding tussen die mens en sy leefwêreld was sonder dat enige sosiaal-politieke funksies daaraan kenbaar was, dan sou Marx weinig, indien enige, belang daarby hê. Ook McKown (1975:51) is 'n soortgelyke mening toegedaan:

---

[2] Vir die doel van hierdie artikel word die begrip "klassieke Marxisme" tot die denke van Karl Marx (1818-1883) beperk.

" ... it is evident that he (Marx) understood religion more in terms of function than of content" (beklemtoning toegevoeg).

Nie slegs het Marx maar min oor die godsdiens as sodanig geskryf nie; ook die afwesigheid van 'n samehangende en uitgebreide wetenskaplike godsdiensteorie in sy werke onderskryf die opvatting dat die konstruering van 'n abstrakte en outonome godsdiensteorie vir Marx op 'n nodelose aktiwiteit sou neerkom (Cimic, 1985:521; McKown, 1975:6). Só 'n teorie sou naamlik afbreuk doen aan sy argument dat die godsdiens nie 'n outonome sfeer van menslike gedrag en geloof is nie, maar dat dit eerder 'n meer fundamentele sosiale vervreemding weerspieël. Die enigste wyse om dus met die godsdiens om te gaan, is deur middel van 'n kritiese teorie op die samelewing as 'n geheel. Gevolglik skets Marx met 'n materialistiese oortuiging hoe dialektiese polarisasie histories-noodwendig tot revolusionêre verandering en die omverwerping van die bestaande orde sal lei. Marx is oortuig dat hy in hierdie dialektiese materialisme die wette van historiese verandering ontdek het. Aan die een kant sal die dialektiese kragte inherent aan die kapitalistiese stelsel tot sy onvermydelike ineenstorting lei. Aan die ander kant sal die gevisualiseerde klassestryd tussen die bourgeoisie en die proletariaat 'n klimaks bereik, waarna die proletariese oorwinning die begin van die kommunistiese samelewing sal inlui (Marx & Engels, 1848:49-61).

Gegee hierdie histories-veranderlike aard van die samelewing, is dit verstaanbaar waarom Marx die vertrekpunt vir sy godsdiensbeskouing in 'n radikale humanisme stel. Die mens is immers nie bestem om in die status quo te berus nie, maar om met daadwerklike kreatiwiteit mee te werk tot die verandering van die samelewing. Hierdie opvatting impliseer dat daar 'n historiese verantwoordelikheid op die mens rus om revolusionêr gestalte te gee aan die dialektiese prosesse inherend aan die (kapitalistiese) samelewing. Om hierdie rede durf die mens nie wag op die "wil" of tussenkoms van enige bomenslike of buite-wêreldse mag nie. Nee, die mens self kan en moet sy eie heil bewerk by wyse van 'n historiese en revolusionêre betrokkenheid by die skepping en herskepping van strukture.

Vanaf hierdie platform poog Marx om religieuse verskynsels binne die koördinate van die bestaande werklikheid te analiseer. Dit is egter nie

'n poging om die a-prioriese eienskappe van die godsdiens vas te lê nie, maar om eerder te bepaal in welke mate die godsdiens óf 'n struikelblok óf 'n impuls vir sosiale verandering is.

Met hierdie onderbou in gedagte word daar vervolgens oorgegaan tot 'n kort toeligting van Marx se materialistiese godsdiensbeskouing alvorens die samelewing-kritiese grondslag daarvan uitgestippel word.

## 2. MARX SE MATERIALISTIESE GODSDIENSBESKOUING

Die wortels van Marx se godsdiensbeskouing het hul oorsprong in sy poging om die radikale humanisme van Hegel en die naturalisme van Feuerbach te integreer (Parekh, 1975:38). Dit is derhalwe noodsaaklik dat die invloed van hierdie twee denkers, maar veral dié van Feuerbach,[3] op die denke van Marx van nader belig word, ten einde 'n behoorlike perspektief op Marx se betekenisgewing van die aard en funksie van die godsdiens te verkry.

### 2.1 Die invloed van Hegel en Feuerbach

Hoewel hy Hegel gelyk gee dat die mens in die sentrum van die universele werklikheid staan, kan Marx hom nietemin nie met Hegel se "idealistiese" en "spekulatiewe" mensbeskouing vereenselwig nie, aangesien dit 'n abstrakte en vals historiese beskouing voorhou. Derhalwe rig Marx (1842:33) 'n pleidooi tot die filosowe en teoloë van sy dag om hulself van die spekulatiewe konsepte en vooropgesette menings van die bestaande (Hegeliaanse) filosofie te bevry, " ... if you want to arrive differently at things as they are, that is, if you want to arrive at the truth". Vir Marx (1842:33) is daar geen ander weg tot hierdie waarheid as deur die filosofie van Feuerbach nie: "And there is no other road to truth and

---

[3] Die invloed van Feuerbach op die ontwikkeling van Marx se denke is van so 'n deurslaggewende aard dat, voer Tucker (1961:81) aan, " ... Marxism might perhaps be epitomized as Hegelianism mediated by Feuerbach's critique of Hegel".

freedom ... except the one that leads through the Feuer-bach. Feuerbach is the purgatory of the present."

Feuerbach se natuurfilosofie is egter staties en a-histories: dit akkommodeer nie die voortdurende ontwikkeling van die natuur en die mens nie. Sy filosofie opereer vanuit 'n passiewe en "kontemplatiewe" mensbeskouing, terwyl dit die skeppingsvermoë van die mens, en derhalwe ook sy geskiedenis, negeer (Parekh, 1975:38). Hoewel hy God dus tereg "genaturaliseer" het, laat Feuerbach die geheel van sosiale omstandighede wat weer eens die behoefte aan God genereer, onaangeraak. Anders gestel: Feuerbach ontleed religieuse projeksies binne die menslike essensie, maar bly in gebreke om die menslike essensie as die produk van sosiale verhoudinge te sien. Marx (1845:285) formuleer hierdie kritiek teen Feuerbach soos volg:

> Feuerbach resolves the religious essence into the human essence. But the human essence is no abstraction inherent in each single individual. In its reality it is the ensemble of the social relations (beklemtoning toegevoeg).

Uit hierdie formulering van Marx blyk dit duidelik dat die godsdiens vir hom, om sy argument te antisipeer, 'n sekondêre illusie is, dit wil sê afgelei vanuit die sosiale konteks waarin die mens hom bevind. Hierteenoor konsipieer Feuerbach die godsdiens veel eerder as 'n primêre illusie, met ander woorde as voortspruitend uit die essensie van die mens as individu (Cimic, 1985:521; Marx, 1845:285).

Omdat Feuerbach nie insien dat die religieuse sentiment op sigself 'n sosiale produk is nie, bied hy gevolglik geen kritiek op die bestaande sosiale werklikheid aan nie (Harvey, 1985:306; Marx, 1845:285). Hy is dus nie in staat om die werklike bevryding van die mensdom voor oë te stel nie. Desnieteenstaande is Feuerbach se betekenis dáárin geleë dat sy antropologiese metodiek vir Marx in staat stel om die geldigheidsaspekte van Hegel se filosofie uit te lig, waaronder veral Hegel se beskouing dat die mens in die sentrum van die universele werklikheid staan. Sonder om dus in Hegel se idealisme verstrik te raak, is Marx se materialistiese godsdiensbeskouing die dialekties-gekombineerde produk van Hegel se humanisme aan die een kant en Feuerbach se antropologiese

filosofie aan die ander kant. Vervolgens kan die aard en funksie van die godsdiens, soos wat Marx binne sy dialekties-materialistiese raamwerk daaraan gestalte gee, van nader belig word.

## 2.2 Die aard en funksie van godsdiens

Op die voetspoor van Feuerbach se antropologiese benadering tot die godsdiens verklaar Marx (1844a:43) dat " ... man makes religion; religion does not make man". Hierdie verklaring is volgens Marx (1844a:43) se eie oortuiging die "basis of irreligious criticism", en weerspieël ten diepste die Hegeliaanse opvatting dat die mens in werklikheid God is (Tucker, 1961:75).

Omdat die mens nie 'n abstrakte wese onafhanklik van die materiële werklikheid is nie, maar 'n konkreet-fisiese entiteit, gee hy gestalte aan sy leefwêreld, die staat en die samelewing. Omdat die staat en die samelewing strukture voortbring wat in 'n meerdere of mindere mate vervreemding in die hand werk, word 'n behoefte aan godsdiens gestimuleer ten einde van hierdie vervreemding te ontsnap. Marx (1844a:43) definieer die godsdiens in hierdie verband as 'n "ínverted world consciousness" ('n vals bewussyn), omdat dit by implikasie die produk van 'n vals (kapitalistiese) staat en samelewing is.

Godsdiens, vervolg Marx, is die verwysingsraamwerk van die kapitalistiese samelewing. Deur regverdiging en vertroosting onderskryf die godsdiens die breë grondslag van hierdie samelewing. Godsdiens as sodanig is egter 'n illusie; dit is 'n produk van die menslike verbeelding, 'n uitdrukking van sy selfbewussyn en selfrespek solank as wat die mens nog nie tot selfvervulling gekom het nie (Marx, 1844a:43). Dit is dus nie, soos wat Feuerbach impliseer, die godsdiens wat die mens degradeer nie, maar eerder die ontaarde en gedehumaniseerde mens wat in die godsdiens 'n vertroosting en 'n ontvlugting van die werklikheid soek.

Marx is voorts van mening dat die godsdiens 'n tweeledige praktiese verhouding reflekteer: tussen die mens en sy omgewing enersyds en tussen die mens en homself andersyds. Meer spesifiek is die godsdiens vir Marx 'n vorm van menslike vervreemding, maar dan binne die konteks van 'n ontaarde, bourgeois klassesamelewing. As 'n uitdrukking van

sosiale vervreemding is die godsdiens dus 'n produk van bepaalde sosiale omstandighede (Harvey, 1985:304). Marx is gevolglik oortuig dat die ellendige maatskaplike toestande waaronder die mens verkeer, hom dwing om die godsdiens te skep as 'n psigologiese kompensasie vir sy omstandighede. Dit is die ontaarde samelewing wat godsdiensbeoefening noodsaak. Daarom kan Marx (1844a:44) die godsdiens die "opium van die volk" noem: dit is die illusionêre troos wat die mens aan homself verskaf om sy haglike toestande draagliker te maak. Die godsdiens laat hom die bestaande toestande aanvaar as die beskikking van God, terwyl dit terselfdertyd aan die mens die ewige heerlikheid voorhou wat alle lyding sal ophef. Op hierdie wyse het die godsdiens dieselfde uitwerking op die mens as 'n verdowingsmiddel: dit "verlam" hom sodat hy nie in sy eie omstandighede kan ingryp nie.

Alhoewel die godsdiens dus nie doelbewus as 'n ideologie voorgehou word nie, het dit tog dieselfde uitwerking as 'n ideologie op die samelewing, naamlik dat dit enige radikale verandering van die samelewing inhibeer. Die godsdiens dra gevolglik daartoe by om die kapitalistiese samelewing te beskerm en dit van revolusionêre verandering te vrywaar (Rossouw, 1986:58). Verder verhoed die godsdiens dat twee van die belangrikste voorwaardes wat Marx (1844a:52-53) vir die realisering van die kommunistiese revolusie stel, vervul kan word. Eerstens plaas die godsdiens 'n demper op die selfbewussyn van die proletariaat, en tweedens verhinder dit die proletariaat om 'n voldoende insig in die werking van die kapitalistiese samelewing te verkry. Dit alles beteken dat die mens eers tot ware selfverwesenliking kan kom wanneer hy homself van die bande van die godsdiens bevry het. Eers dan sal die mens tot sy volle reg kom, sy verantwoordelikhede aanvaar en sy lot in sy eie hande neem. Daarom is dit vir Marx van die grootste belang om die mens van die illusie van godsdiens te bevry.

Omdat die godsdiens 'n illusie is, kan dit nie die mens se probleme oplos nie. Inteendeel, dit vererger slegs sy probleme, of soos wat Marx (1844b:96) dit in 'n ander verband stel: "The more of himself man attributes to God the less he belongs to himself." Indien die mens dus ware geluk wil vind, is dit noodsaaklik dat hy die illusie van godsdiens sal afskaf. So 'n afskaffing beteken ten diepste die opheffing van die toestande wat sulke illusies oproep. Marx (1844a:43-44) beskou die stryd

teen die godsdiens dan ook indirek as 'n " ... struggle against that world whose spiritual aroma is religion".

Vir Marx is hierdie kritiek op die godsdiens egter geensins 'n saak van blote akademiese belang nie. Inteendeel, dit bied aan hom bo alles die verklaring van die mens se maatskaplike en individuele ellende soos dit in die struktuur van die kapitalistiese samelewing vervat is. Só gesien is dit duidelik waarom Marx (1844a:43) die kritiek op die godsdiens as die basis van alle kritiek beskou: Indien die godsdiens met ander woorde die sosiale en materiële verhoudinge van die kapitalistiese samelewing in stand hou, dan is die verandering van die bestaande samelewing die basiese veronderstelling van alle kritiek, insluitende van die kritiek op die godsdiens. Daarom kan Rossouw (1986:58) ook opmerk dat die beste vorm van godsdienskritiek vir Marx eintlik maatskappykritiek is. Vervolgens word die besondere wyse waarop Marx se godsdienskritiek homself tot 'n maatskappy- of samelewingskritiek leen, aangestip.

## 3. MARX SE GODSDIENSKRITIEK AS SAMELEWINGSKRITIEK

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat die kritiek op die godsdiens, waarin die pleidooi vir die afskaffing van die godsdiens vervat is, vir Marx voorafgaan aan sy totale visie op die realiteit van die bestaande samelewing. Omdat die godsdiens vir Marx na analogie van Feuerbach 'n siekteverskynsel is wat die beswil van die samelewing in die weg staan, is hy van mening dat die kritiek op die godsdiens 'n noodsaaklike voorwaarde is om tot 'n verandering van die mens se lewenswerklikheid te kom. Die kritiek op die godsdiens is daarom die aanloop tot 'n kritiek op alle ander dinge waardeur die mens se vryheid aan bande gelê word. Marx (1844a:44) laat hom in dié verband soos volg uit:

> The criticism of religion is, therefore, the embryonic criticism of this vale of tears of which religion is the halo.
>
> Thus the criticism of heaven is transformed into the criticism of earth, the criticism of religion into the criticism of law, and the criticism of theology into the criticism of politics.

Die godsdiens is 'n simptoom van die ellende van die menslike samelewing, en eers nadat dit (die godsdiens) in sy sieklike karakter blootgelê is, kan daar oorgegaan word tot die sanering van die totale sosiale konteks. In teenstelling met Feuerbach volstaan Marx dus nie met 'n antropo-psigologiese verklaring van die godsdiens nie, maar gaan verder deur vir daadwerklike revolusionêre wêreldverandering te agiteer (Jonker, 1978:9). In sy oproep tot revolusionêre wêreldverandering is die godsdiens vir Marx ook nie slegs in 'n psigologiese sin 'n kontra-revolusionêre faktor nie; dit is ook op verskeie ander wyses disfunksioneel in die bevrydingstryd van die mens. Wallace (1986:144) lei byvoorbeeld die volgende twee disfunksies van die godsdiens uit Marx se betoog af:

> ... it (religion) assuages estrangement by sacralizing the political structures which control the relations of production, and it provides other-worldly symbols to console and buffer the oppressed.

Aan die een kant legitimeer die godsdiens dus die status quo, terwyl dit aan die ander kant die proletariaat met die belofte van 'n beter, hemelse bestaan paai. Skousen (1958:70) sien in aansluiting hierby 'n drieledige funksie wat Marx volgens hom aan die godsdiens sou toeskryf. In die eerste plek bepleit die godsdiens respek vir eiendomsregte. Tweedens dikteer die godsdiens aan die geëksploiteerdes hulle verpligtinge teenoor die eiendom en prerogatiewe van die heersersklas, terwyl dit in die derde plek 'n gees van berusting onder die geëksploiteerdes inboesem. Laasgenoemde funksie het uitsluitlik ten doel om die geëksploiteerdes se revolusionêre gees te demp. Marx (1847:94) trek egter self ook teen hierdie polities-legitimerende karakter van die godsdiens te velde wanneer hy die sosiale beginsels waarop die Christendom van sy dag sou berus, soos volg uitstippel:

- Die godsdiens verkondig die gebiedende noodsaaklikheid van 'n heersersklas en 'n onderdrukte klas. Vir laasgenoemde spreek die godsdiens bloot die vrome wens uit dat die heersersklas welwillendheid teenoor hulle sal bewys.

- Deurdat die godsdiens alle bestaande ongeregtigheid met die belofte van 'n hemelse hiernamaals verplaas, regverdig dit die voortsetting van hierdie ongeregtighede op aarde.

- Die godsdiens rasionaliseer alle mensvernederende optredes van die onderdrukkers teenoor die onderdruktes as òf geregverdigde straf vir oortredinge (sondes), òf as 'n vorm van lyding wat God vir die "vrygekooptes" bestem het.

- Die sosiale beginsels van die godsdiens predik lafhartigheid, selfveragting, vernedering, onderdanigheid, nederigheid - "in brief, all the qualities of the canaille, and the proletariat, not wishing to be treated as canaille, needs its courage, its self-respect, its pride, and its sense of independence even more than its bread" (Marx, 1847:94).

Marx se godsdienskritiek is voorts ook in 'n enigsins indirekte sin van institusionele belang. Du Plessis (1982:160) noem byvoorbeeld dat Marx nooit eksplisiet die **institusionele kerk** as die objek van sy kritiek uitsonder nie. Dog, deur sy verdoeming van die godsdiens betoog Marx wesenlik teen die kerk van sy dag. Behoudens sy sosiale afsydigheid opereer die kerk, soos wat dit aan Marx bekend is, ook as 'n **staatskerk**. Ook Jonker (1978:11) raak hierdie aspek aan as hy daarop wys dat die Pruisiese staat 'n goeie voorbeeld was van die verbond tussen kerk en staat - **'n verbond waarby die kerk die staatsgesag kritiekloos sou steun**. Hierdie kritiek teen diè kerk word verder blootgelê in Marx (1842:24) se beskuldiging dat die godsdiens geen uitspraak oor die behoorlikheid en/of die regmatigheid van die staatsvorm lewer nie, behalwe om te predik: "Submit to the authority, for all authority is ordained by God." Onder hierdie omstandighede wil dit blyk asof Marx (1847:94) se stelling dat die godsdiens net funksioneel is in die onderskraging van die maghebbers en in die handhawing van die **status quo**, terwyl dit die armes en ellendiges met 'n uitsig op die hemel vertroos, in die praktyk bevestig is. Kritiek op die godsdiens veronderstel dus vir Marx inderdaad ook kritiek op die **status quo**.

Hieruit volg dat die verhouding tussen die godsdiens en die staat een van 'n kontradiksie tussen religieuse vooroordeel aan die een kant en

politieke emansipasie aan die ander kant is. Marx (1843b:5) stel gevolglik godsdiensemansipasie as 'n noodsaaklike voorwaarde vir die politieke emansipasie van beide die geëksploiteerde mens en die staat self. Geen staat wat die godsdiens vooropstel, is volgens Marx (1843b:7) 'n ware of wesenlike staat nie. Die staat se emansipasie van die godsdiens beteken sy selfbevryding van die **staatsteologie**, dit wil sê die staat behoort geen erkenning aan enige vorm van godsdiens te verleen nie. Sodoende bevestig dit homself as slegs suiwer en gewoon 'n staat. Trouens, die perfekte staat is nie die sogenaamde Christenstaat wat die (Christelike) godsdiens as sy basis erken nie, maar die ateïstiese staat, dit is die demokratiese staat wat die godsdiens na alle ander fasette van die burgerlike samelewing relegeer (Marx, 1843b:16).

Die sogenaamde Christenstaat is niks anders as 'n **non-staat** nie. Dit is die negasie van die demokratiese staat, met ander woorde dit is 'n **onvolkome staat** waarvan die godsdiens as die aanvulling tot en heiligmaking van sy onvolkomenheid dien. Op dié manier word die godsdiens noodsaaklikerwyse een van die staatsmiddele wat uiteindelik aan hom (die staat) 'n geveinsde karakter verleen. Teenoor die ware, demokratiese staat wat onafhanklik van die godsdiens sy politieke voltooiing kan aktualiseer, kontrasteer Marx (1843b:17) die Christenstaat:

> The so-called Christian state needs the Christian religion in order to complete itself as a state.
>
> (It) has a political attitude towards religion, and a religious attitude towards politics. It reduces political institutions and religion equally to mere appearances.

Oor die geheel is dit dus Marx se oortuiging dat die godsdiensvorme waarmee hy bekend is, die individu "privatiseer" deur òf persoonlike heil en/of kultiese identiteit te beklemtoon, òf deur sosiale en ekonomiese voorregte te legitimeer, òf deur gewaarwordinge van onderdrukking met non-hervormingskanale te kanaliseer. In enige van sy vorme druis die godsdiens in teen die beginsel dat die mens basies 'n **sosiale wese** is, dat die mag van die individu inherent sosiale mag is en dat dié nie van politieke mag geskei kan word nie (Marx, 1843b:31). Alle vorme van

godsdiens is dus strydig met die beginsel dat die mens homself deur praxis verwerklik (Marx, 1845:285).

## 4. SAMEVATTING

Ten aanvang van hierdie artikel is die argument geopper dat Marx se godsdienskritiek in die eerste plek nie tot 'n kritiek op die godsdiens self verskraal moet word nie, maar dat dit eerder gesien moet word as 'n refleksie van sy kritiek op die kapitalistiese samelewing. Uit die voorgaande uiteensetting blyk dit dan ook duidelik dat Marx, getrou aan sy sosiaal-kritiese onderneming van 'n samelewingsrekonstruksie, weier om met 'n bloot teoretiese kritiek op die godsdiens te volstaan sonder om sy kritiek ook op die status quo toe te spits. Hierdie standpunt van hom, naamlik dat egte en vrymakende kritiek moet deurdring tot die sosiaal-historiese werklikheid waarin die mens hom bevind, is deurgaans by Marx teenwoordig. Dit is dan ook waarna Marx (1844a:44) verwys as hy beweer dat die " ... criticism of religion is ... the embryonic criticism of this vale of tears ... ".

In sy godsdiensfilosofie gaan dit dus vir Marx nie bloot om 'n kritiek op die godsdiens ter wille van die kritiek self nie. Die godsdiens is slegs maar 'n simptoom van iets anders: dit is 'n weerspieëling van die leed en kontradiksies opgesluit in die sosiaal-histories gevormde werklikheid. Kritiek op die godsdiens is daarom tegelyk ook 'n ontmaskering van en kritiek op die sosiaal-historiese werklikheid wat die religieuse illusie noodsaak. Só gesien is die afskaffing van die godsdiens vir Marx (1842:33) eintlik 'n voorvereiste " ... if you want to arrive at the truth". Van die hemel bevry, kan die mens nou sy volle aandag op die aarde toespits, iets wat eers moontlik is wanneer daar besef word dat die godsdiens niks meer is nie as die produk van 'n kontradiktoriese werklikheid.

Kritiek op die godsdiens as sodanig is dus duidelik nie Marx se uiteindelike doelwit nie. Dit is slegs die "premise of all criticism" in dié sin dat die totale sosiale werklikheid hierna in die visier van sosiale kritiek moet kom (Marx, 1844a:43). Anders gestel: Marx se kritiek op die godsdiens put homself nie uit in die negasie van die religieuse bewussyn nie, maar is prakties toegespits op 'n strukturele verandering

van die sosiale en politieke bestel. Godsdienskritiek vooronderstel dus vir Marx samelewingskritiek. Die grondslae van hierdie samelewingskritiek kan samevattend soos volg gepostuleer word:

- Die godsdiens is 'n manifestasie van die klasseverdeling in die kapitalistiese samelewing. Enersyds is dit die produk van die geprojekteerde eiebelang van die heersersklas of bourgeoisie; andersyds is die godsdiens die "opium" van die onderdrukte klas, die proletariaat.

- Die godsdiens het ten doel om 'n onrealistiese en passiewe gevoel by die onderdruktes in te skerp. Sodoende word die onderdruktes met hulle toestande van armoede, verknegting en onderdanigheid vereenselwig.

- Die godsdiens predik aan die mens dat konflik boos is. Dit probeer die mens oortuig dat sy aardse (sosiaal-historiese) omstandighede deur die wil van God beskik word. Indien hy in onderdanigheid, armoede en ellende leef, het God dit so gewil. Sou die mens hom dus teen sy omstandighede verset, is dit 'n verset teen die wil van God.

- Die godsdiens beloof aan die onderdruktes op aarde 'n kompensasie in die lewe hierna: In die beloofde hemel sal hulle vreugde en geluk vind in 'n wêreld sonder armoede, verknegting of ander ellendes. Al hierdie (vals) leerstellinge, voer Marx aan, het ten doel om die onderdruktes te vervreem en met hulle lot te vereenselwig.

- As 'n institusionele gestalte van die godsdiens fungeer die kerk as handlanger van die kapitalistiese staat deurdat dit meehelp om die groepsbelange (klassebelange) van die bourgeoisie te beskerm en om die proletariaat te onderdruk. Die kerk is met ander woorde 'n proteksionistiese instelling en 'n apparaat van onderdrukking.

- Omdat sowel die godsdiens as die kerk dit ten doel het om die heersersklas se ekonomiese, sosiale, politieke en ander belange te regverdig, te beskerm en te bevorder, terwyl dit in gelyke mate dié

van die onderdrukte klas teenwerk, is beide hierdie instellings reaksionêr, kontra-revolusionêr en a-histories.

- Die onderdruktes het gevolglik geen ander uitweg nie as om die kerk en die godsdiens te verwerp ten gunste van 'n ideologie wat hulle eie geprojekteerde belange reflekteer. Hierdie ideologie sal uiteindelik in die waardes van die kommunistiese samelewing realiseer.

- In die kommunistiese samelewing wat Marx visualiseer sal daar geen vorm van godsdiens bestaan nie, bloot omdat daar om twee redes geen behoefte daaraan sal wees nie. Eerstens is daar in Marx se kommunistiese samelewing geen heersersklas wat godsdiens hoef te fabriseer as 'n wapen teen sy klassevyande nie. Tweedens sal die mens homself in die kommunistiese samelewing sodanig verwesenlik dat alle vorme van vervreemding sal verdwyn. Gevolglik sal hy geen behoefte ervaar om aan die materiële werklikheid te ontvlug nie - 'n behoefte wat in die kapitalistiese samelewing deur die godsdiens bevredig is.

Die somtotaal van die voorafgaande uiteensetting kan samevattend onder die volgende noemer tuisgebring word: **Marx se godsdienskritiek is 'n spieëlbeeld van sy samelewingskritiek.** Ofskoon Marx weliswaar skerp krities-analities met die godsdiens op sigself omgaan, moet sy godsdienskritiek in die eerste plek as 'n komponent in die onderbou van sy samelewingskritiek hanteer word. Sy kritiek is immers duidelik op die funksie van die godsdiens gerig, en nie primêr op die inhoud daarvan nie. Enige poging om sy godsdienskritiek daarom tot 'n outonome fenomeen te verhef (tot 'n kritiek op die godsdiens **per se**), negeer die totale essensie van Marx se sosiale teorie in die algemeen en van sy godsdienskritiek in die besonder. Bowendien is die visier van Marx se teoretiese onderneming op 'n beter samelewing gerig; dit is nie bloot 'n ateïstiese aanval op godsdiens in die algemeen nie.

As 'n onderafdeling van sy samelewingskritiek kan Marx se kritiek op die polities-legitimerende funksie van die godsdiens nie ongekwalifiseerd tot 'n "ateïstiese aanslag op die godsdiens" verskraal word nie. Inteendeel, baie van Marx se argumente rondom die funksionele verhouding tussen kerk en staat kan tot 'n verhelderende perspektief

op die huidige tydsgewrig in Suid-Afrika meewerk. In die besonder kan dit bydra tot nuwe insigte in die etiese vraagstukke wat vanaf - so wil dit dikwels voorkom - 'n gedeelde polities-teologiese platform in Suid-Afrika geopper word. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse samelewingsorde weerspieël immers 'n onmiskenbare samehang tussen die nasionale ideologie en die gangbare teologie, by uitnemendheid die Gereformeerde teologie. Met die annale van die geskiedenis as verwysingspunt skets Boesak (1976, 1984) byvoorbeeld die polities-legitimerende funksie van die (blanke) Gereformeerde teologie in Suid-Afrika. Boesak se kritiek dat daar behoudens 'n ideologie van apartheid ook 'n teologie van apartheid is, verleen hernieude trefkrag aan Marx se betoog rondom die kerk as bondgenoot van die staat. So kan daar voortgegaan word en treffende parallelle tussen die rol van die gangbare teologie in Suid-Afrika en Marx se godsdienskritiek getrek word. Van die treffendste sou myns insiens dié wees wat bestaan tussen Marx se beskuldiging van godsdiens as 'n onderskrywer van groeps- of klassebelange, en die beweerde pseudo-ideologiese funksie van die blanke teologie in Suid-Afrika waarop Boesak en andere binne die tradisie van Swart Teologie wys.[4]

Die doel en omvang van hierdie artikel laat nie ruimte vir 'n volledige bespreking en/of kritiese waardering van die Marxistiese godsdiensfilosofie in Suid-Afrika nie. Desnieteenstaande is die voorafgaande gedagtes voldoende om die aanvanklike argument te ondersteun dat Marx, sover dit die godsdiens betref, homself primêr interesseer in die funksionele, instrumentele en legitimerende rol daarvan binne die (kapitalistiese) samelewing; dus nie in die inhoud van die godsdiens as sodanig nie. Dit is dan ook in hierdie verband wat Marx se godsdiensfilosofie met vrug as 'n analitiese metodiek gebruik kan word om die sosio-politieke disfunksie van die Suid-Afrikaanse samelewing aan te spreek.

---

[4] Vir 'n verdere bespreking van die gedeelde etiese aspekte tussen teologie en ideologie in Suid-Afrika, vide Boesak (1976; 1984), Moore (1973), en Villa-Vicencio (1985).

BRONNELYS

BOESAK, A.A. 1976. Farewell to innocence. Johannesburg : Ravan.

BOESAK, A.A. 1984. Black and reformed. Johannesburg : Skotaville.

CIMIC, E. 1985. Marx's critique of religion and/or atheism. Journal of Ecumenical Studies, 22(3):519-524.

DU PLESSIS, L.M. 1982. Function and role of the state. (In van der Stelt, J.C., ed. The challenge of Marxist and neo-Marxist ideologies for Christian scholarship. Sioux Center : Dordt College. p. 149-186.)

ESTERHUYSE, W.P. 1984. Karl Marx: filosoof van die revolusie. Kaapstad : Tafelberg.

FEUERBACH, L. 1841. The essence of Christianity. New York : Harper. (1957 printing.)

HARVEY, V.A. 1985. Ludwig Feuerbach and Karl Marx. (In Smart, N. et al. eds. Nineteenth century religious thought in the West. Vol. I. Cambridge : Cambridge University. p. 291-328.)

HEGEL, G.W.F. 1832. Lectures on the philosophy of religion. 3 volumes. London : Routledge and Kegan Paul. (1962 printing.)

JONKER, W.D. 1978. Die marxistiese godsdienskritiek. (In Kotzé, D.J. et al.. Kommunisme: die stryd om die mens. Kaapstad : N.G. Kerk. p. 3-14.) (Stellenbosse Teologiese Studies 2.)

KAMENKA, E. 1970. The philosophy of Ludwig Feuerbach. London : Routledge and Kegan Paul.

MARX, K. 1842. On religion. (In Padover, S.K., ed. 1974. The Karl Marx library. Vol. 5. New York : McGraw-Hill. p. 19-27.)

MARX, K. 1843a. On religion. (In Padover, S.K., ed. 1974. The Karl Marx library. Vol. 5. New York : McGraw-Hill. p. 32-33.)

MARX, K. 1843b. On the Jewish question. (In Bottomore, T.B., ed. 1963. Karl Marx : early writings. London : Watts. p. 1-40.)

MARX, K. 1844a. Contribution to the critique of Hegel's philosophy of right: Introduction. (In Bottomore, T.B. ed. 1963. Karl Marx : early writings. London : Watts. p. 43-65.)

MARX, K. 1844b. Economic and philosophic manuscripts. (In Fromm, E. 1961. Marx's concept of man. New York : Frederick Ungar. p. 87-196.)

MARX, K. 1845. Theses on Feuerbach. (In Feuer, L.S., ed. 1959. Marx and Engels: basic writings on politics and philosophy. New York : Anchor. p. 283-286.)

MARX, K. 1847. On religion. (In Padover, S.K., ed. 1974. The Karl Marx library. Vol. 5. New York : McGraw-Hill. p. 93-94.)

MARX, K. & ENGELS, F. 1848. Manifesto of the Communist Party. (In Feuer, L.S., ed. 1959. Marx and Engels: basic writings on politics and philosophy. New York : Anchor. p. 43-82.)

MCKOWN, D.B. 1975. The classical Marxist critiques of religion: Marx, Engels, Lenin, Kautsky. The Hague : Martinus Nijhoff.

MOORE, B. ed. 1973. Black Theology: the South African voice. London : Hurst.

PAREKH, B. ed. 1975. The concept of socialism. New York : Holmes and Meier.

ROSSOUW, G.J. 1986. Godsdiens en revolusie: 'n vergelyking van Machovec en Marx se beskouings oor die verhouding tussen godsdiens en revolusie. Studies in Marxisme, 7:42-63.

SKILLEN, J.W. 1982. Human freedom and social justice: a christian response to the Marxist challenge. (In van der Stelt, J.C., ed. The

challenge of Marxist and neo-Marxist ideologies for Christian scholarship. Sioux Center : Dordt College. p. 23-53.)

SKOUSEN, W.C. 1958. The naked Communist. Salt Lake City : Ensign.

TUCKER, R.C. 1961. Philosophy and myth in Karl Marx. Cambridge : Cambridge University.

VILLA-VICENCIO, C. 1985. Theology in the service of the state: the Steyn and Eloff Commissions. (In Villa-Vicencio, C. & de Gruchy, W.J., **eds**. 1985. Resistance and hope. Cape Town : David Philip. p. 112-125.)

WALLACE, M.I. 1986. An interpretation of religion and society in Karl Marx and Gibson Winter. **Encounter**, 47(2):143-157.